

# AANDAG ALLE JAGTERS

Welkom in die Limpopo Provinsie en mag u jagtog u stoutste verwagtinge oortref!

**Rus daar enige veeartsenykundige wetlike verpligtinge op my as jagter in die provinsie?**




- Ingevolge die Wet op Diresiektes (Wet 35 van 1984) en die meegaande regulasies word feitlik die hele Limpopo Provinsie as Afrikaanse varkpesbeheergebied verklaar.
- Die naasliggende gebied wes en noordwes van die Nasionale Krugerwildtuin is geproklameer as 'n bek-en-klouseer beheergebied sowel as die gebied in die Musina distrik aanliggend aan die Limpoporivier asook die gebied aangrensend aan die Mapengubwe Nasionale Park..
- In en vanuit hierdie gebiede is alle spleethoewige diere en wild en/of hulle produkte se vervoer onderhewig aan veeartsenykundige permitbeheer.




**Hoe gedaan as ek 'n vlak- of bosvark wil skiet?**

- U moet in besit van 'n veeartsenykundige of Suid-Afrikaanse Wildorganisasie (SAWO) vervoerpermit wees alvorens die karkas van die sappige soggie (heel of opgesny, rou gekook of berook) vanaf enige grondeiendom in die varkpesbeheergebied vervoer mag word. Vra die grondeienaar of hy oor die SAWO permitte beskik. Indien nie, moet u asseblief 'n permit by die naaste staatsveeartskantoor in die gebied bekom. Bewegings vanuit die bek-en-klouseer beheergebiede mag slegs onder dekking van 'n veeartsenykundige vervoerpermit geskied. Daar geld die SAWO permit dus nie.
- Wildevarkvleis mag na enige bestemming in die land vervoer word, maar word beperk tot 'n maksimum van 3 wildevarkkarkasse per jagter.
- Slegs wildevarkkarkasse sonder kop, pote, vel en binnegoed mag die area verlaat.
- Vir die vervoer van velle en maskers word 'n veeartsenykundige vervoerpermit benodig nadat dit met 'n geregistreerde middel teen uitwendige parasiete behandel is.
- Alle vleis moet van tande en skedels verwyder wees voordat dit die plaas onder dekking van 'n permit mag verlaat.

**Wat van ander spleethoewige wild?**

- 'n Veeartsenykundige vervoerpermit word vereis vir die beweging van wildsvleis (heel of verwerk, rou of gaar) asook trofeë vanaf plase in die bek-en-klouseer beheergebiede. Vanuit sekere gebiede geld bykomend maatreëls. Skakel u naaste staatsveearts vir meer inligting.
- Uit die res van die provinsie word geen veeartsenykundige vervoerpermitte benodig nie.



**Nou wat as ek so 'n ietsie by die slaghuis wil koop?**

- Slegs wildskarkasse / vleis geslag in 'n geregistreerde wildsabattoir mag deur 'n slaghuis verwerk word.
- Die vervoer van wildevarkvleis vanaf enige slaghuis in die provinsie sonder 'n veeartsenykundige vervoerpermit is onwettig.
- Geen vervoerpermit word vereis vir plaasdier- of wildsvleis (rou of verwerk), biltong of droë wors afkomstig van 'n slaghuis vanuit die bek-en-klouseer beheergebiede nie, maar hou u slaghuiskwitansie byderhand.

**Wie kan ek skakel vir meer inligting of om 'n veeartsenykundige vervoerpermit te bekom?**

| | | |
|---|---|---|
| Staatsveearts | Musina | Tel. 015 - 534 2909 |
| Staatsveearts | Louis Trichardt | Tel. 015 - 516 4971/2 |
| Staatsveearts | Lephalale | Tel. 015 - 763 4188 / 763 2137 |
| Staatsveearts | Bela-Bela | Tel. 014 – 736 2482 |
| Staatsveearts | Mokopane | Tel. 015 - 491 4288/9 |
| Staatsveearts | Polokwane | Tel. 015 - 297 1347 |
| Staatsveearts | Tzaneen | Tel. 015 - 307 2800 |
| Staatsveearts | Gravelotte | Tel. 015 - 231 4331 |
| Staatsveearts | Hoedspruit | Tel. 015 – 793 2408 |


Opgestel deur die Direktoraat Veeartsenydiens
Limpopo Provinsie
Privaatsak X9487, Polokwane, 0700
Tel. (015) 294 3109 Faks (015) 294 4525